# GEMEENTEBULLETIN

**4 OKTOBER 2020**

STELLENBERG GEMEENTE

## EREDIENSTE

### IN DIE KERK

**Oggend-en-gesinsdiens om 09:00 en 11:00**

Genesis 32:29-30 | Wat doen ons met die verlede? | Ds. Duvenhage

**Relevant-diens om 18:00**

Jesus herstel | Ds. Hanno Ackerman

### IN DIE KAPEL

**Meditatiewe diens om 09:00**

Genesis 32:29-30 | Wat doen ons met die verlede? | Ds. Dietmann

### KYK AANLYN NA DIE PREEK

Kyk aanlyn na die oggend-en-gesinsdiens wat om 09:00 direk uitgesaai word op www.stellenberg.co.za, of ons YouTube-kanaal. Die opname van die diens is vanaf 10:00 beskikbaar en kan dan enige dag, of tyd gekyk word. Die Relevant-diens word om 18:00 direk uitgesaai en die opname is vanaf 19:00 aanlyn beskikbaar.

## STELLENBERG SE KERSVREUGDE-WINKEL

Ons beoog om 'n tydelike winkel, genaamd KERSVREUGDE vanaf **28 Oktober tot 7 November** in die kerksale aan te bied. Dit sal aan ongeveer 130 handwerkers die geleentheid bied om hulle ware ten toon te stel. **Keuring is reeds afgehandel.** 'n Restaurant, bedryf deur Malita Joubert, wat onder andere wegneemetes verkoop, word in die markplein ingerig. Besoek die Kersvreugde-winkel vir al jou Kersinkopies. Covid-19-protokol sal geld en ons verkies dat aankope met krediet- of debietkaarte betaal word.

Inkopietye: Weeksdae 09:00 tot 18:00 en Saterdae: 09:00 tot 16:00.

### HULP@STELLENBERG.CO.ZA

Indien jy hulp (fisies of geestelik) benodig tydens die inperking, of graag hulp wil aanbied, stuur asb. 'n e-pos aan bg. adres of kontak ons leraars telefonies.

### DAAGLIKE STEM-BOODSKAPPE

Indien jy graag na die daaglikse boodskap ('n stemopname deur leraars) op jou selfoon wil luister, stuur asb. 'n WhatsApp met jou *naam + stemboodskap* na 083 611 4720. Jy sal dan op die verspreidingslys geplaas word en die stemboodskap daagliks op jou selfoon ontvang. Geen gemorspos nie.

## HERVATTING VAN EREDIENSTE IN DIE KERK

Met die hervatting van eredienste in die kerkgebou en die kapel word die volgende reëlings getref:

- 'n Gesamentlike oggend-en-gesinsdiens word om 09:00 en 11:00 in die kerk aangebied en 250 kerkgangers kan per diens geakkommodeer word. Die saalgedeelte van die kerkgebou word met tafels en stoele ingerig sodat gesinne saam rondom die tafels kan sit.
- Die meditatiewe diens word om 09:00 in die kapel aangebied en 40 kerkgangers kan geakkommodeer word. Die diens is voortaan nie meer aanlyn beskikbaar nie.
- Die Relevant-diens word om 18:00 in die kerk aangebied.
- Tee en koffie sal na die dienste, buite in die teetuin, beskikbaar wees.
- Geen vooraf besprekings is vir enige van die dienste nodig nie.
- Maskers is verpligtend.

## TUISWERKHULP BY KLIPHEUWEL

Shiloh Synergy benodig helpers wat op Dinsdae en Donderdae kinders van die informele nedersetting in Klipheuwel met tuiswerk kan ondersteun. Klasse word by Klippie Kids Kleuterskool aangebied. Covid-19-protokol word gevolg en vrywilligers benodig nie 'n onderwysagtergrond nie. Kontak Heleen du Toit by 084 563 0122, of ds. Hanno Ackerman by 079 543 5261.

## AANLYN SAMARITAAN

**In die aanlyn** Samaritaan-advertensieblad op www.stellenberg.co.za word produkte, huishoudelike dienste, onderrigdienste, dienste in die leefstyl- en skoonheidsbedryf, woonplekke, werksgeleenthede, asook gesondheidsdienste geadverteer. Besoek gerus die blad op www.stellenberg.co.za om te sien wat in jou omgewing beskikbaar is. Advertensies sonder 'n foto kan teen R50 per maand geplaas word en die met 'n foto teen R100 per maand.

### STELLENBERG ONDERSTEUNINGSENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. 'n Kliniese sielkundige, spraak- en arbeidsterapeute, 'n besigheids- en lewensafrigter, asook 'n musiekterapeut se dienste word aangebied. Die sentrum is gesluit, maar Rudolph van Schoor, sentrumbestuurder en lewensafrigter, is beskikbaar by

082 854 4530.

### AANLYN BYBELSKOOLREEKSE

Twee Bybelskoolreekse is op www.stellenberg.co.za beskikbaar.

## DOOP

**Saterdag 3 Oktober om 10:00**

- Merwe en Judicka Moelich, Mountain Viewsingel, Durbanville, laat doop vir Lukah en Lihan Moelich.

**Sondag 4 Oktober om 11:00**

- Quewin en Krisnah Keyser, Noelinesingel 37, laat doop vir Ben Keyser.
- Juan en Lené van der Riel, Joostenbergstr. 19, Durbanville, laat doop vir Amré van der Riel.

## TIENDEMAANDINSAMELING 2020

Ons nooi gesinne om een wit kers per gesin te neem as 'n herinnering aan hulle tiendemaandbydrae ter ondersteuning van die gemeente se werksaamhede. Tiendemaandbydraes kan elektronies oorbetaal word na: ABSA, tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, met verwysing: tiendemaand. Kontantbydraes kan in 'n gemerkte koevert in die kollektebord geplaas word, of by die kerkkantoor afgegee, of in die beveiligde posbus by die voordeur van die kerkkantoor geplaas word.

*Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief.*

## GOEIE GEBRUIKTE MATTE

Ons is op soek na goeie, gebruikte los matte wat in die saalgedeelte van die kerk gebruik kan word. Ons wil graag dié area in 'n geselliger ruimte met tafels en stoele inrig sodat gesinne tydens eredienste saam daar kan sit.

## SABBATSVERLOF

Ds. Marius Breytenbach is vanaf 3 Oktober tot 2 November met langverlof. Die ander leraars staan vir hom in.

### NUUS PER E-POS OF OP JOU SELFOON

- Ontvang die bulletin weekliks, asook die skakels na eredienste per e-pos, deur jou e-posadres aan sanel@stellenberg.co.za te stuur.
- Sluit by die WhatsApp-groep aan om die bulletin en die skakel na die oggenddiens op jou selfoon te ontvang, deur jou naam, van en selfoonnommer na 083 611 4720 te stuur.

### GEBEDSVERSOEKE

Stuur jou gebedsversoeke (anoniem indien jy dit verkies) na navrae@stellenberg.co.za.

# FINANSIËLE BYDRAES

## EFT-betaling

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

## Kontantbydraes

Kontantbydraes kan by die kerkkantoor afgegee word, of in die beveiligde posbus by kantoor se voordeur geplaas word.

Dankie aan lidmate wat tydens die inperkingstyd en vreemde kerkllike omstandighede 'n bydrae gelewer (en nog steeds lewer) dat ons ons verpligtinge kon nakom.

- In April is 'n **hersiene begroting** goedgekeur waarin **uitgawes drasties besnoei is**, teen die agtergrond van die Feesmark wat nie plaasvind nie.
- Dit het o.a. die vermindering van **personeel se vergoeding** met 20%, geen salarisverhogings vir 2020/21 asook geen 13de tjeks behels. A.g.v. positiewe syfers (sien grafiek onder) is **personeel se vergoeding einde September aangepas na 90%**.

In die tabel hieronder word die **gesamentlike berekening** van die **maandelikse dankoffer en Sondagkollektes** weer gegee.

- **Reguit lyn:** R550 000 per maand. Dit was die aanvanklike begroting vir 2020/21.
- **Onderste lyn:** R480 000 per maand – is die hersiene begroting wat aanvaar is.
- **Lyn wat op en af beweeg:** Die werklike bedrae wat ontvang is. Mei, Junie en veral Augustus was **bo die gemiddelde** per maand van die **aanvanklike begroting** (R500 000) en **September** se inkomste is gelyk aan die **hersiene begroting** se gemiddelde per maand (R480 000). Die aanpassing van die personeel se vergoeding in September, van 80% na 90% is teen die agtergrond van hierdie statistiek en inkomste gedoen.

